

HOOFSTUK I.

AFRIKAANSE SPELLING.

Dit is absoluut noodsaaklik in 'n boek soos hierdie, wat spesiaal vir skoolgebruik bedoel is, dat die een en ander gesê word omtrent ons spelling.

Daar ons ons nog in die oörgangperiode bevind, sal dit nie onvanpas wees om aan te toon waar Afrikaanse spelling van die Nederlandse verskil nie.

AFRIKAANSE LETTERTEKENS.

In Afrikaans het ons die volgende KLINKERS : *a, e, ê, è, i, î, o, ô, u, û, eu, ie, oe*. Dit lyk 'n bietjie snaaks dat ons die laaste drie klinkers noem, daar hulle deur twee klinker-lettertekens geskryf word; maar as ons noukeurig oplet, sal dit duidelik wees dat die twee letters maar één klank bevat.

Voorbeelde : *dag, vet, sê, dè, pik, wie* (meerv. van *wig*), *pot, sôre, put, rûens, neus, diep, boek*.

Opm. (i).—Die kappie(ê)-klinkers is almal lank en staan altyd aan die end van 'n lettergreep; of as hulle in 'n geslote lettergreep (een wat op 'n medeklinker eindig) kom, dan is dit alleen in sulke gevalle waar, as die woord verbuig word, hul dan aan die end van 'n ope lettergreep (een wat op 'n klinker eindig) sal kom, b.v. *êe* (ê-e) *Pêrel* (*pê-rel*); *skêr* (*skê-re*); (*blêr*—(*blê-rende*); maar *perd, kombens*; sonder die kappie, hoewel die *e* die ê-klank het, omdat die *e* in dié gevalle nooit aan die end van 'n ope lettergreep kan kom

nie. Dit is onnodig om die kappie en die deel-
teken langs mekaar in dieselfde woord te gebruik,
b.v. *sôe* i.p.v. *sôë*; *êe* i.p.v. *êë*.

Opm. (ii).—Apart van die bo-aangegeewe klinkers kan *ae* ook nog as sodanig beskou word; want in sommige gevalle waar die *g* tussen die *a* en die *e* weggeval het, het die *ae* 'n suiwer 'a'-klank geword, wat nog langer is as die *aa*. Die fonetiese skrif van *swaar* en *swaer* is sva·r en sva:r respektieflik. (Die twee titteltjies ná die *a* van *swaer* dui aan dat die *a* langer is as die *a* met net een titteltjie daaragter.) Soms word die *ae* nie net as een klinker uitgespreek nie, maar die neiging is ten gunste van die een-klinker-uitspraak. (Sien Aanhangsel I.)

Opm. (iii).—Waar die *g* van die Nederlandse woord weggeval het tussen 'n beklemde klinker of twee-klank en 'n swak-beklemde *e* wat gevolg word deur twee medeklinkers in dieselfde lettergreep in die onverboë vorm van die woord, kry ons 'n verder sametrekking:—*age* word *aa*; *ege* word *ee*; *oge* word *oo*; *euge* word *eu*, b.v. *afdraand*, *geleentheid*, *reent* (*reën*), *gereeld*, *moondheid*, *ondeund*, e.a. Maar *voëls* (*voël*), *leuens* (*leuen*).

TWEEKLANKE:—*ai*, *aai*, *eeu*, *ei*, *y*, *oei*, *ooi* (*ôï*), *oi*, *ou*, *ui*, *au*.

Voorbeelde: *baie*, *maai*, *leeu*, *Mei*, *hy*, *groei*, *noui* (*nôï*), *toiings*, *goud*, *lui*, *Augustus*.

Opm. (i).—Vreemde woorde word so ver moontlik verafrikaans, en dus word *au* nou *ou*, b.v. *outeur* i.p.v. *auteur*; *outo* i.p.v. *auto*. Maar eie-name behou die *au*, b.v. *Augustus*, *Australië*.

(Dit geld ook vir ander Afrikaanse woorde met 'n *au*, b.v. *pou*, *blou*, *nou*.)

Opm. (ii).—Die vreemde *ai*-klank word nou *ê* geskryf, b.v. *affaire* word *affêre*; so ook *militêre* en *populêre* i.p.v. *militaire* en *populaire*.

Opm. (iii).—*y* en *ei*.—Die Ndl. *ij* word nou *y* (sonder die titteltjies) geskrywe. Daar is geen vaste reëls vir die gebruik van hierdie tweeklanke nie. Alleen die volgende kan ons aandui:—

y word altyd gebruik:—

(a) in agtervoegsels van woorde as *brouery*, *bakkery*, *gelopery*;

(b) in die uitgang *-ryk*, b.v. *bosryk*, *talryk*;

(c) in die woord *gelyk* en samestellinge daarvan, b.v. *ongelyk*, *tegelyk*, *vergelyk*, ens.;

(d) in w.w. wat die *y*-klank het en wat die lang *e* het in hulle sterk verl. deelw., b.v. *skryf* (*geskrewe*), *kry* (*gekreë*), *stry* (*gestrede*).

EI word gebruik in die agtervoegsels *-heid* en *-teit*, b.v. *waarheid*, *trotsheid*, *uniwersiteit*, *stomiteit*.

Ons handhaaf die Nederlandse gebruik van die twee tweeklanke, behalwe waar die *y*-klank nie *vol* is nie, soos in woorde soos *belangrik*, *dergelik*, ens.

Let op die onderskeid tussen die volgende woordpare, wat presies dieselfde uitspraak het, maar

waar 'n verskil in spelling 'n verskil in betekenis uitbring:—

Bei.—Vrug (moerbeï).	Ry.—i. In 'n ry staan.
By.—Insek (perdeby) of Voorsetsel.	ii. Perdry.
Berei.—Klaarmaak.	Reier.—'n Soort voël.
Bery.—Op iets ry.	Ryer.—Iemand wat ry.
Bleik.—Dowwer kleur kry.	Reik.—In woorde soos <i>be-reik</i> .
Blyk.—i. Teken.	Ryk.—Bemiddeld, welaf-gebied.
ii. Duidelik word.	Reis.—Van plek na plek gaan.
Eis.—Vorder.	Rys.—i. 'n Soort voedsel.
Ys.—Harde water.	ii. Opgaan.
Feit.—Daadsaak. (Eng. <i>fact</i>).	Steil.—Swaar opdraand.
Fyt.—Seerplek in vinger.	Styl.—Skryf, of boutrand.
Lei.—i. Neem, bestuur, reël.	Veil.—Op vandiesie ver-koop.
ii. Waarop kinders skryf.	Vyl.—'n Stuk gereedskap.
Ly.—Verduur.	Vlei.—Vallei. Heuning om mond smeer.
Mei.—Maand.	Vly.—Voeg of skik.
My.—Pers. voorw.	Wei.—i. Weiveld vir skape.
Peil.—i. Diepte meet.	ii. In: <i>uitwei</i> oor iets.
ii. "Sonder perk of <i>peil</i> ."	Wy.—Inseën: 'n Gebou, ook tyd, bestee.
Pyl.—i. Skietgoed (pyl en boog).	Wyer.—Verg. trap van <i>wyd</i> .
ii. Reguit gaan na 'n plek.	Weier.—Nie toestaan nie.
Rei.—Koor.	

DIE MEDEKLINKERS, of liever *mèdeklinker-klanke*, is: *b*, (*c*), *d*, *f*, *g*, *h*, *j*, *k*, *l*, *m*, *n*, *p*, *r*, *s*, *t*, *v*, *w*, (*z*), *tj*, *dj*, *sj*, *gh* en *ng*.

Voorbeelde van laaste vyf: (*tj*) *tjek*, (*dj*) *hōnd-jie*, (*sj*) *sjêf*, (*gh*) *ghoen*, (*ng*) *tang*.

Opm. (*j*).—Die *tj* en *dj* het foneties presies dieselfde klank, en dus ook letterteken. Die *gh* is

die Engelse *g* (in "go"); die Afrikaanse *g* is 'n spirant. Dikwels as 'n *g* ná 'n *r* of *l* in Afrikaans kom, gevolg deur 'n swak-beklemde *e*, het dit die *gh*-uitspraak, maar word tog *g* geskryf, b.v. *burger*, *berge*, *erger*, *wilgerboom*, *gevolge*.

Opm. (ii).—In Afrikaans het ons vandag geen *w* aan die end van 'n woord, en ook elders, waar dit nie gehoor word nie, b.v. *leeu*, *vrou*, *toeskouers*; maar *huwelik*, *ewig*.

Die *uw* word *uu*, b.v. *gehuud* (verboë natuurlik *gehu-de*), *opnuut*.

Opm. (iii).—In die woord *Zoeloe* word die *z*-klank wel duidelik gehoor; daarom kan dit met 'n *z* geskryf word. Ook word die *z* en *c* nog aangetref in *eiename*, b.v. *Piétermaritzburg*, *Zacharia*, *Goetsee*.

HOOFSTUK II.

KLANKE.

Kort en Lank—ook Uitspraak.

Klinkers stel kort, lang of halflang klanke voor.

Tweeklanke druk klanke van verskillende lengtes uit. Let op die onderskeid in lengte tussen die tweeklanke van die volgende woorde: *goud, blou; riet, bier; feit, Mei; voering, opvoering*. In die meeste gevalle is tweeklanke lank of halflank.

Die *kappieklinders* is ook almal en altyd lank, b.v. *rûens, wîe, sôre, wêreld*. (Sien *Kappieklinders*, op bls. 27.)

Die ander klinkers—*a, e, i, o, u*—kan wees:—

A *kort,*

B *swak- of halfsterk-beklemd,*

C *lank.*

A.—*Kort klanke* staan alleen in *beklemtoonde, geslote* lettergrepe en word deur 'n *enkel* klinker voorgestel, soos *mat, stem, rit, lot, put*.

B.—*Swak-beklemtoonde* klanke kom in *swak-beklemtoonde* lettergrepe voor, is altyd kort en word deur 'n *enkel* klinker in 'n *ope* of 'n *geslote* lettergreep voorgestel. *Kapok, geloop, rivier, publiek, maktik, maklike*.

Opm. (i).—Die swak klinkers kom meestal in *ope* lettergrepe voor, maar hulle is maklik te onderskei van die lang klinkers deur hulle *dowwe* klank. Die uitspraak gee ook dadelik te kenne of 'n klinker *lank*, *kort* of *swak* is—want die lang en kort klanke dra altyd die hoofklem weg. Vergelyk *gêsel* (*lank*) en *gèsel* (*swak*).

Die swak-beklemde *i* kom meestal voor in die uitgange *-(l)ik*, *-is*, *-ig* en *-ing*, b.v. *waarlik*, *vonnis*, *stadig*, *doring*.

Die swak-beklemde *e* kom die meeste voor, en wel in die volgende gevalle :—

(a) In swak-beklemde lettergrepe (soos bewegemeld), b.v. *generaal*, *geskiedenis*, *kokkewiet*, *bobbejaan*.

(b) In die voorvoegsels *be-*, *ge-*, *ver-*, b.v. *begin*, *geleer*, *veral*.

(c) In alle agtervoegsels, b.v. *beginsel*, *hoenders*, *beitel*.

(d) Op die end van 'n woord, b.v. *liefde*, *lewe*, *se*, *ore*.

(e) Voor *-lik* :—

(i) as dit deur *b*, *d*, of *w* voorafgegaan is, b.v. *huwelik*, *skadelik*, *hebbelik*;

(ii) as dit deur *ft*, *gt*, *kt*, *pt*, *st* voorafgegaan is, b.v. *skriftelik*, *egtelik*, *bedektelik*, *amptelik*, *feestelik*.

Die meervouds-*e* is dus altyd *swak*, asook gewoonlik die klinkers in agtervoegsels: *geskiedenis*, *herder*, ens. Hierdie gevalle is egter almal

gevalle waar die klinker in 'n swak-beklemde lettergreep staan. Die *i* is die enigste uitsondering, want daar kom wel 'n lang *i* voor in swak-beklemde lettergrepe.

[Sien C, Opm. (i).]

C.—*Lang klanke* kom beide in geslote en in ope lettergrepe voor en word as volg voorgestel:—

(a) In *geslote* lettergrepe deur *dubbel* klinkers, soos *maan, steen, loot, uur*.

(b) In *ope* lettergrepe deur *enkel* klinkers, soos *vader, ste-ne, so-mer, bu-re*. (Uitsonderinge, sien Opm. iii, bls. 15.)

, Opm. (i).—Die klinker *i* word nooit verdubbel nie. Waar dit lank is, het dit dieselfde klank as *ie* en word dus voorgestel deur *i* of *ie*, soos *sipres, ambisious, wiel, notiesie, tietel, tragies*.

In beklemde lettergrepe en op die end van 'n woord, al het laasgenoemde dan nie die hoofklem nie, word die lang *i* deur *ie* voorgestel, soos *sediesie, bietjie, simpatiek, vandiesie*.

Hieronder val natuurlik al die *verkleinwoorde*, b.v. *hoedjie, bossie*.

In *swak* en *halfsterk* lettergrepe word die lang *i* deur *i* voorgestel, soos *indiwidu, likwidasioe, munisipaliteit, situasioe, tradisioneel (tradiesie)*.

Die *lang i* in 'n swak- of halfsterk-beklemde lettergreep kry ons meestal aan die end van 'n ope lettergreep, wat gevolg word deur een wat met 'n klinker begin, b.v. *bi-o-skoop, di-ëet, di-a-deem, In-di-ër, ambi-si-eus*.

Hierdie reëls geld natuurlik net vir die *lang i* waar dit die uitspraak van *ie* het. Die kort *i* in geslote lettergrepe, asook die swak *i*, lewer geen moeilikheid op nie. Vergelyk :—

<i>rit</i> (kort)	<i>riet</i> (lank)
<i>blik</i> (kort)	<i>republiek</i> (lank)
<i>rivier</i> (kort en swak)	<i>sipres</i> (lank en swak)

Die swak-beklemde *i* word ook maklik geken aan sy dowwe klank, soos stadige, maklike. (Sien Algemene Spelreëls, blss. 17 en 18.)

Die *kort i* (pit), die *swak i* (sipres) en die *swak e* (pitte) het almal feitlik presies dieselfde klank, en word dus ook in fonetiese skrif met dieselfde letterteken geskrywe, b.v. gewillige = (xə.vələxə).

Opm. (ii).—'n *Kort klinker* kom nooit in 'n ope lettergreep voor nie, behalwe in 'n paar verkleinwoorde, soos *potjie*, *latjie*. (Sien Opm. iiib.)

Opm. (iii).—As uitsondering op *lang klanke* (b) dien die volgende :—

(a) Die lang *e* op die end van 'n woord word deur *ee* voorgestel om dit van die swak-beklemde *e* te onderskei, soos *gee*, *see*, *senuwee*, *skaduwée*, *twee*.

Alle samestellinge en afleidinge van sulke woorde behou die dubbel *e* as die tweede deel *halfsterk* geaksentueer word; maar één *e* val weg as die tweede deel *swak* geaksentueer word, b.v. *see-siekte*, *tweede*.

(b) Woorde wat op *-d* en *-t* of 'n *klinker* uitgaan en dus hulle verkleinwoorde vorm met *-jie* of *-tjie*; veroorsaak dat in die verdeling van lettergrepe daar (i) 'n kort klinker, en (ii) 'n dubbel klinker, aan die end van 'n *ope* lettergreep kom. Die uitspraak van sulke woorde trek die *d* en *t* met die

jie saam en laat dus 'n kort, beklemtoonde en 'n dubbel klinker ope, soos *po-tjie* (*potjie*), *po-o-tjie* (*pootjie*), *see-tjie*. Daar die klinkers in sulke verkleinwoorde elk 'n lang klank, feitlik die klank van 'n tweeklank aanneem, word hierdie spelling *per se* geregverdig. Die klinkers in sulke verkleinwoorde word as volg uitgespreek:—

- a word ai, b.v. *katjie* word as *kai-tjie* uitgespreek.
 aa word aai, b.v. *paadjie* word as *paai-djie* uitgespreek.
 e word ê, b.v. *gebedjie* word as *gebê-djie* uitgespreek.
 i word î, b.v. *ritjie* word as *ri-tjie* uitgespreek.
 o word oi, b.v. *lotjie* word as *loi-tjie* uitgespreek.
 oo word ooi, b.v. *lootjie* word as *looi-tjie* uitgespreek.
 oe word oei, b.v. *hoedjie* word as *hoei-djie* uitgespreek.

(Die bo-aangegewe woorde is die verkleinwoorde respektieflik van *kat*, *pad*, *gebed*, *rit*, *lot*, *loot* en *hoed*.)

Dis onwenslik om in hierdie gevalle die woorde volgens uitspraak te spel, anders word die verband tussen die oorspronklike woorde en die verkleinwoorde verloor, b.v. *kaitjie* sou moeilik as die verkleinwoord van *kat* erken word, en net so met die ander woorde.

N.B.—Die jongste uitgawe van die „Woorde-lys” wil egter dat, in die verdeling van woorde in lettergrepe, tussen die *tj* en *dj* afgekap sal word (*pot-jie*). Dit doen geweld aan een van die belangrikste reëls in verband met die verdeling van woorde in lettergrepe, nl. *verdeel volgens uitspraak*. Dit is mos ook onmoontlik om 'n enkel medeklinker in twee te verdeel. So 'n verdeling is derhalwe 'n *dooië* iets. 'n Taal is geen *dooië* ding nie. Ons kan ons dus daarmee nie vereenselwig nie en laat dit aan die oordeel van elke onderwyser(es) oor.

HOOFSTUK III.

ALGEMENE SPELREËLS.

A.—KLINKERS.

(1) Skryf 'n woord naasteby soos hy uitgespreek word en gebruik geen onnodige letters nie.

(2) Skryf nooit 'n dubbel *a, e, i, o, u* in 'n ope lettergreep nie, behalwe:—

(a) 'n Dubbel *e (ee)* op die end van 'n woord, b.v. *vee, dominee*.

Die lang *e* aan die end van die woord word dubbel geskryf; maar wanneer sulke woorde verbuig word, volg hulle die ho-aangegewe reël, mits die verbuigingsvorm 'n swak-beklemde klinker bevat, b.v. *see* word *seë*; *twee, twede*; maar in samestellinge en verkleinwoordjies wat halfsterk geaksentueer word, word die twee *e*'s behou, b.v. *teepot, treetjies*.

(b) Dubbel klinkers in verkleinwoorde, soos *pootjie*, ens. (Sien Lettergrepe, Opm. (i), bls. 35.)

(3) Die klinkers *ie, oe, eu* en alle tweeklanke kan in geslote sowel as ope lettergrepe gebruik word, b.v. *boek, boe-ke; leeus, leeu*; ens.

(4) *i* en *ie*.—Skryf *ie*:—

(a) Op die end van 'n woord, b.v. *Unie, kanarie, Julie*.

- (b) In sterk- en halfsterk-beklemde lettergrepe, b.v. *posiesie, opienie, famielie, mielies, kiewiet.*
- (c) In die uitgang *-ies(e)*, b.v. *Indiese, Russiese.*
- (d) In die uitgang *-iek*, b.v. *simpatiek, identiek, republiek.*

Skryf *i*, hoewel dit *ie* uitgespreek word, in alle swak-beklemde lettergrepe, b.v. *fabrikant* (vergeelyk *fabriek*), *omnibus, Afrikaans, idioom, sipier.* (Sien Lettergrepe, Opm. ii.)

Gebruik *i* vir alle kort en swak *i*-klanke, b.v. *sif, dik.*

(5) 'n Kort beklemde klinker kom nooit aan die end van 'n ope lettergreep nie, behalwe in sekere verkleinwoorde (sien vorige hoofstuk, C, Opm. iii b.), en word altyd enkel in 'n geslote lettergreep geskrywe. Daarom moet ons in die verbuiging van woorde dikwels 'n medeklinker verdubbel om die kort klanke te behou, b.v. *knikker; pot* word in die meervoud *pot-te*.

(6) Dikwels kry ons in Afrikaanse woorde met 'n *d*, voorafgegaan deur 'n lang klinker of tweeklank en gevolg deur 'n swak-beklemde klinker, 'n eienaardige verskynsel as die woorde verbuig word: die *d* verander in *i* of val weg, b.v. *goed, goëie; dood, dooie; koud, koue; bad, baaie; gebod, gébooie.*

N.B.—In die laasgenoemde twee woorde verander die kort klinker van die enkelvoud in 'n lang klinker in die meervoud—dus hou die reël tog steek.

B.—MEDEKLINKERS.

(1) 'n Medeklinker word verdubbel wanneer dit op 'n kort beklemde klinker volg: *mak, makker* (vergelyk met *maak, maker*); *stof, stowwe*; *lat, latte*.

(2) Wanneer die voorafgaande klinker daarenteen wel kort is, maar nie die hoofaksent dra nie, dan word die medeklinker *nie* verdubbel nie, m.a.w. geen verdubbeling ná alle swak-beklemde klinkers nie, b.v. *heerlik, heerliker*; *middel, middele*; *vinnig, vinniger*.

Die uitsondering op hierdie reël is die swak-beklemde *-is*, waarvan die medeklinker wél in die meervoud verdubbel word, b.v. *sekretaris, sekretarisse*; *notaris, notarisse*. (Sien Meerv., bls. 41.)

(3) 'n Medeklinker word nooit op die end van 'n woord dubbel geskrywe nie, b.v. *stof, wil, stad*.

MEDEKLINKERS.—UITSPRAAK EN GEBRUIK.

Die B.—Die *b* op die end van 'n woord word *p* uitgespreek en word alleen op die end van 'n woord behou waar in die meervoud die *b*-klank gehoor word, b.v. *rib, ribbe*; *skub, skubbe*.

Die D.—Die *d* op die end van 'n woord word as *t* uitgespreek. Dit word egter alleen op die end behou waar die *d* in die meervoud gehoor word, b.v. *hand, hande*; *strand, strande* (vergelyk *rant, rante*, vroeër *rand*). Uitsondering: *hout, meerv. houde* of *houte*.

Soms. val die *d* in die meerv. weg, of dit verander in 'n *t*, b.v. *pad, papie*; *gebod, gebooie*; *tyd, tye*. (Sien § 6, bls. 18.)

Let op die verskil tussen die volgende woordpare. (Net die *t* en die *d* aan die end van woord het dieselfde uitspraak.)

Bond.	Verbond (verbond sluit).	Nood.	Dwang of gebrek.
Bont.	Veelkleurig (rooibont).	Noot.	i. Musieknoot. ii. Aantekening.
Boud.	Liggaamsdeel.	Pond.	Geld.
Bout.	Iets om in te skroewe.	Pont.	* * * Bootbrug.
Eed.	Plegtige bevestiging.	Raad.	Bestuursliggaam of advies.
Eet.	Om kos te neem.	Raat.	Middel.
End (ent).	Einde.	Rand.	Kant.
Ent.	W.w. (home of mense ent).	Rant.	Koppie of heuwel.
Gemoed.	Karakter. (Sy gemoed skiet hom	Rede.	Oorsaak of toespraak.
Gemoet.	Een tegemoet loop. [vol.]	Rete.	Splete.
Geskied.	Gebeur.	Roed(e).	'n Staf.
Geskiet.	Verl. deelw. van <i>skiet</i>	Roet.	Swartsel.
Graad.	Maat of hoogte. (B.A.-gr.)	Skud.	W.w. (heen en weer beweeg).
Graat.	Vis- of heuninggraat.	Skut.	Kraal vir rondloop-beeste, skerm,
Hard.	Teenoorgestelde van <i>sag</i> .	Swaarde..	Wapens. [wildskut.
Hart.	Liggaamsdeel.	Swaarte.	Gewig (swaartekrag).
Kruid.	Gewas of plant.	Sweed.	Man van Sweden.
Kruit.	Skietgoed.	Sweet.	Vog uit liggaam wanneer warm.
Lende.	Onderdeel van die rug.	Tand.	Deel van gebit.
Lente.	Jaargety.	Tant.	Tant Maria.
Linde.	'n Soort boom.	Veld.	Ope land buite dorp.
Linte.	Meerv. van <i>lint</i> .	Velt.	Materiaal.
Lid.	Van 'n vereniging.	Versmaad.	Verag.
Lit.	Gewrig.	Versmaat.	Voetmaat in poësie.
Lood.	Materiaal (loodpyp).	Voed.	Kos gee.
Loot.	i. Van 'n boom. ii. Lootjies trek.	Voet.	Liggaamsdeel.
Luid.	Hard (met <i>luide</i> stem).	Wand.	Muur.
Luit.	Musiekinstrument.	Want.	Omdat (voegwoord).
Moed.	Dapperheid.	Wed.	Weddenskap aangaan.
Moet.	Hulpw.w. van verpligting.	Wet.	Voorskrif van Staat.
Mied.	Hoop graan op land.	Wyd.	Teenoorgestelde van <i>nou</i> .
Miet.	Insek in meel.	Wyt.	Beskuldig (<i>verwyf</i>).

Die *f* en *v*.—Die *f* en *v* het presies dieselfde klank, nl. die *f*-klank. Geen vaste reël vir die gebruik van hierdie medeklinkers kan neergelê word om aan te toon wanneer die *f* of wanneer die *v* gebruik word nie. Ons kan maar net sê dat 'n *f* geskrywe word waar dieselfde woord in Nederlands 'n *f* het, en so ook met die *v*. Ook word die *v* nooit aan die end van 'n woord geskryf nie; die *f* wel, b.v. *vader*, *vrees*, *fluit*, *fout*, *duif*, *lof*. Vgl. *fee*, *vee*; *fier*, *vier*.

Die *f* gaan in verbuiging in *ww* of *w* oor. Ná 'n *sterk*, *kort* klank verander dit in *ww*, b.v. *stof*, *stowwe*.

Ná 'n *lang* klank of 'n ander medeklinker verander dit in *w*, b.v. *stoof*, *stowe*; *golf*, *golwe*. (Vir uitsonderinge sien Meervoude.)

Die *g*.—Die *g* het twee verskillende uitsprake, nl. (i) *spirant*, (ii) *sag*, soos die Engelse *g* in "go."

(i) *Spirant*. Die gewone uitspraak van die *g* is die spirant of die skerp klank, b.v. *geel*, *nag*, *stadige*.

Ná 'n lang beklemtoonde klank val hierdie skerp *g* weg in verbuigingsvorme, b.v. *oog*, *oë*, *tuig*, *tuie*; *hoog*, *hoër*; *laag*, *lae*.

In die verboë vorme van byvoeglike naamwoorde op *-ig* word die spirant *g* behou, omdat dit voorafgegaan is deur 'n swak-beklemtoonde klinker, b.v. *vlytig*, *vlytige*; *ywerig*, *ywerige*.

(ii) *Sag*. Die sagte *g* kry ons nog net in 'n paar woorde waar die *g* tussen 'n *r* (soms ook *l*) en 'n swak-beklemde *e* kom, b.v. *burger*, *berge*, *erger*, *borge*, *wilgerboom*, *gevolge*.

Die sagte *g*-klank aan die begin van woorde, meestal uit die inboorling-tale ontleen, word nou *gh* geskryf (uitspraak *g* as in Engels "go"), b.v. *ghoen*, *ghaap*, *ghwarrie*, *ghweister* (slaan), b.v. „Oppas, hy sal jou *ghweister*.” Die klank kry ons ook nog in woorde soos *anghorra*, *mangho*, *dongha*, ens.

Opm. (i).—In Natal en in dele van Transvaal word die *g* byna algemeen sag uitgespreek in die verboë vorme van woorde op *g* voorafgegaan deur 'n lang klank; so word gesê *hoger*, *lager*, *eige*, *oge*—vir *hoër*, *laer*, ens.

Opm. (ii).—In die verbinding *ng* vorm die *g* natuurlik saam met die *n* één medeklinker ('n neusklank) en kan dus nie onder bowegenoomde reëls val nie, b.v. *lang*, *sing*, ens.

Vreemde Woorde.

Vreemde woorde lewer in hulle spelling heelwat moeilikheid op. Ten opsigte van vreemde woorde moet dus vanself 'n sekere mate van vryheid toegelaat word. Wat vir die een nog vreemd is, kan vir die ander reeds Afrikaans klink, en omgekeerd. Waar daar egter enige twyfel bestaan oor die graad van verafrikaansing van 'n woord, behoort die voorkeur aan die Afrikaanse spelling gegee te word.

Die neiging om woorde half te verafrikaans is af te keur. Waar daar woordé uit ander tale moet ontleen word om 'n gebrek in Afrikaans aan te vul en aldus dié taal te voltooi, is dit wenslik sulke woorde so gou moontlik volgens Afrikaanse spelling in die taal in te burger.

In Januarie 1920 het die „Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns” die beginsel aangeneem dat alle vreemde woorde so ver moontlik op ’n eg Afrikaanse manier gespel moet word. Om dit te kan doen moet die volgende veranderinge gevolg word:—

Vreemde ae word	Afr. e—pedagogies.
é	ee—dominee, komitee.
ph	f—alfabet, fiesies.
(sagte) c	s—sentraal, seremonie.
c	k—konsert, kafee.
ch	g, k, s, sj, of tj—gaos, kro- nies, Sinees, sjokolade, tjek.
th	t—tema, atleet.
gn	nj—kompanjie, konjak.
qu	kw—kwartaal.
x	ks—eksamen.
z	s—soölogie.
ai	ê—affêre, militêre.
au	ou—outeur, ouditeur.
eau	o—buro, tablo.
* v	w—envelop, ewolusie.
(sagte) g	s—losies, bagasie.
(sagte) t	s—resitasie, stasie.
rh	r—ritme, retories.
sh	s—sieling.

Vreemde y word ðf *ie* ðf *i*. In lettergrepe wat die hoofklem het, is dit *ie*, maar *i* in die swakgeaksentueerde lettergrepe, b.v. *fièsiès*, *fièsika*, *fisiologiè*, *siprès*, *lirièk*.

* Die *v* verander in ’n *w* in lettergrepe wat nie die hoofklem het nie, as dit tussen *m*, *l*, *n*, of *r* en ’n vokaal, of tussen twee vokale staan. Ná ander medeklinkers of aan die begin van die woord

of in lettergrepe wat wel die hoofklem het, al staan dit tussen twee vokale of tussen *m*, *l*, *n*, of *r* en 'n vokaal, word dit nie verander nie, b.v. *enweloop*, *aktiwiteit*, *ewolusie*, *indiwidu*, *parwenu*, *prowinsiaal*. Maar *provinsie*, *konvensie*, *advokaat*, *konvooi*, *veranda*, ens.

„Dis dieselfde reël wat ons aantref by die verandering van eg Afrikaanse woorde soos *lewe*, *strewê*, *kalwers*, maar *gravin*, *slavin*. Die uitsonderinge op hierdie reël is net 'n paar Nederlandse en Engelse woorde, soos *evangelie*, *rewolwer*.”
(*Die Huisgenoot*, Nov. 1920.)

HOOFSTUK IV.

SKRYFTEKENS.

Behalwe die gewone leestekens word in Afrikaans die volgende skryftekens gebruik:—

- (a) Die *afkappingsteken*, of apostroof (').
- (b) Die *deeltëken*, geskrewe (").
- (c) Die *kappie*, geskrewe (^).
- (d) Die *koppelteken*, geskrewe (-).

AFKAPPINGSTEKEN.

A.—Die *afkappingsteken* word gebruik:—

(i) Met die onbepaalde lidwoord 'n in die woord *so'n* (vir *sulk een*) en die uitdrukkinge soos *aan 't ploeë*, *aan 't lese*.

(ii) In die meervoude van woorde op *a* en *o* wat die hoofklem op die laaste lettergreep het, b.v. *buro's*, *hoera's*.

(iii) In die meerv. van die letters van die alfabet, b.v. *d's*, *m's*. Daar is twee *t's* in pitte.

(iv) In die meerv. van eiename wat op 'n klinker eindig, b.v. *Naude's*, *Anna's*.

DEELTEKEN.

B.—Die *deeltëken* word gebruik om die begin van 'n nuwe lettergreep aan te toon. Dit word gebruik meestal bo die klinkers *e* en *i*.

A.—Bo die *e* moet die deelteken gebruik word:—

(1) Wanneer deur weglating van medeklinkers die *e* in verbuiging naas 'n *o* of 'n ander *e* kom. Hier is die deelteken nodig om die tweeletter-grepigheid aan te dui in onderskeiding van die klinkers *oe* en *ee*, b.v. *voël* (*vogel*)—sonder die deelteken sou dit *voel* wees—, *hoë*, *reën*, *seën*, *breë*, *koeël*.

Let op die onderskeid tussen die volgende:—

Asie.—Verkleinwoord van *aas*.

Asië.—'n Vasteland.

Geër.—Iemand wat gee.

Geëer.—Verl. deelw. van *eer*.

Hoe.—Bywoord. (Hoe gaan dit?)

Hoë.—Byv. nw. (Hoge.)

Koel.—Teenorgestelde van warm.

Koeël.—Waarmee geskiet word. (Kogel.)

Leer.—(a) Onderrig ontvang of gee.

(b) Gelooid diervel.

(c) Geloof. ('n Valse leer.)

(d) Klimwerktuig.

Leër.—(a) Krygsmag.

(b) Verg. Trap van *leeg*.

Moer.—Afsaksel of skroef-*moer*.

Moeër.—Verg. Trap van *moeg*.

Persie.—Verkleinwoord van *pers*.

Persië.—Land in Asië.)

See.—Groot uitgestrektheid soutwater.

Seë.—(a) Meervoud van *see*.

(b) Oorwinning. (Zegen.)

Tee.—Om te drink.

Teë.—(a) Meervoud van *tee*.

(b) Ndl. *tegen* in samestellinge.

(c) Sat. (Ek is teë van lekkers.)

Veer.—Bedeckmiddel van voëls.

Veër.—Iemand wat *vee*.

Voel.—Gewaar word, tas.

Voël.—Dier met vere bedek.

Wee.—Ramp of onheil.

Weë.—(a) Meervoud van *wee*.

(b) Meervoud van *weg*.

(c) Weeg. (Sonder te wik of weë.)

· Opm. (i).—In die verbuiginge van woorde op *g* kom die deelteken die meeste voor, b.v. *hoër*, *filoloë*, *oorloë*, van *hoog*, *filoloog*, *oorlog*.

Opm. (ii).—Waar die *g* wegval tussen 'n *a* en 'n *e*, kry ons geen deelteken nie, omdat die nuwe klank dikwels 'n klinker is wat soos 'n lang *a* uitgespreek word, en omdat daar nie kans is vir verwarring soos in die geval met *oe*, *oë*; *ee* en *eë* nie, b.v. *hagel*, *hael*; *brandmager*, *brandmaer*. (Sien Aanhangsel 1.)

Opm. (iii).—Waar die *g* weggeval het tussen twee *e*'s, kry dit soms die deelteken en soms nie. Die deelteken word gebruik waar ons in die uitspraak van die Afrikaanse woord nog duidelik twee lettergrepe hoor, b.v. *reën*, *reël*. Maar waar ons nie twee lettergrepe duidelik in die spreektaal hoor nie, val die deelteken weg, b.v. (*tegen*), *teen*; (*wegens*), *weens*. (Sien Opm. iii, bls. 8.)

(2) Wanneer in samestellinge of in verbuiginge daar 'n opeenhoping van *e*'s in die middel kom, b.v. *drieënig*, *meeëet*, *geënt*, *geërger*.

(3) In die verbuigingsvorme van woorde op *-ieel* en *-ieer*, b.v. *finansiële*, *kommersiële*, *priële*; maar *finansieel*, *kommersieel*, *prieel*. (Verg. die uitspraak van *prieel* en *spieël*.)

(4) Wanneer in vreemde woorde 'n *e* op 'n *o* of *i* volg en dit in sulke gevalle 'n nuwe lettergreep aanvang, b.v. *poëties*, *Arabië*, *Indië*, *higiëne*, *Serwië*, *Gabriël*, *piëteit*.

(5) Die deelteken kan gerus ook gebruik word op die *e* van die eind-lettergrepe *eus* en *eel* as die lettergrepe op 'n lang maar swak *i* volg, b.v. *ambisiëus*, *kommersiëel*. Hoe moet die vreemde-ling anders weet dat dit nie *am-bi-sie-us* en *kom-mër-sie-el* is nie, maar wel *ambisi-eus* en *kommersi-eel*?

B.—Die deelteken word verder bo die *i* gebruik :—

(1) In die verlede deelwoorde van werkwoorde wat met *i* begin, b.v. *geïllustreer*, *geïnformeer*, ens.

(2) In vreemde woorde wanneer die *i* op 'n o volg en 'n nuwe lettergreep aanvang, b.v. *Jingoïsties*, *stoïsiïsme*.

Opm. (i).—Dit kan as 'n algemene reël neergelê word dat die deelteken gebruik word bo 'n *e* of *i* wanneer hierdie twee klinkers nuwe lettergrepe aanvang en deur hulle posiesie in gevaar staan met een of ander klinker of tweeklank verwar te word. In enkele gevalle kom die deelteken bo die *a* en *o* voor—alleen in vreemde woorde—, b.v. *Kanaän*, *Aäron*, *soölogie*.

^ DIE KAPPIEKLINKERS.

Die kappieklinders vorm 'n groep op hulself. Die kappieklinders het ontstaan deur ðf 'n same-trekking ðf 'n weglating van letters, gewoonlik medeklinkers, wat veroorsaak dat klinkers op 'n ongewone manier in verbinding kom. Een of ander teken is dus nodig om aan te toon dat die klinkers op hierdie manier tesame gebring is en nie tot één klank samegesmelt het nie, maar tog hulle eie klanke en lettergrepe verteenwoordig, b.v. *brûe* van *brugge*. Deur die weglating van medeklinkers, ook, kom klinkers wat voorheen in geslote lettergrepe was, nou in ope lettergrepe. Die kappie (^) word dus bo so'n klinker gebruik om aan te toon dat die klinker nog sy eie klank behou, b.v. *sôre* van *zorgen*. Die uitspraak van die kappieklinder bly dieselfde as voorheen, behalwe dat die klank nou effens verleng is. Die

klank van alle kappieklinders is dus die klank van die beklemtoonde kort klinkers 'n bietjie langer en breër uitgespreek, b.v. *môre*, *bêre*, *rûens* kom van *morgen*, *bergen* en *ruggens*. Die medeklinkers, nl. die *g*'s, val in al drie hierdie woorde weg, en die klinkers *o*, *e*, *u* kom nou in ope lettergrepe voor. Word die kappie nie gebruik nie, sou hulle nie te onderskei wees van die gewone lang klinkers nie. Die kappieteken word dus gebruik om te kenne te gee dat hierdie klinkers, hoewel hulle nou in ope lettergrepe staan, en ook vanself lank geword het, tog meer of min hulle oorspronklike klanke behou. Die kappie word ook dan alleen gebruik wanneer sulke klinkers in ope lettergrepe staan. Die kappieklinders, met hulle eienaardige klank, is ook almal lank. (Deur kappieklinders word natuurlik bedoel net dié klinkers wat die kappie werklik het.)

Die kappie-*e* (*ê*) kom die meeste in Afrikaans voor en het deur sametrekking en verbastering uit verskillende bronne ontstaan. Dit het feitlik dieselfde klank as die vreemde *ai* soos dit in *militaire*, *parlementaire* voorgekom het. Hierdie klank kom in beide ope en geslote lettergrepe voor.

Die *ê*-klank ontstaan deur:—

(1) Sametrekking van die Hollandse kort *e*; die Holl. *bergen*, *leggen*, *hebben*, *zeggen* word in Afrikaans *bêre*, *lê*, *hê*, *sê*.

(2) Verbastering van die Hollandse lang *e*; die Holl. *wereld* en *vleermuis* word in Afrikaans *wêreld* en *vlermuis* (uitgespreek *vlêrmuis*).

(3) Verbastering van die Hollandse *aa* gevolg deur 'n *r*; die Holl. *waard*, *paars*, *paard*; *schaar* word in Afrikaans uitgespreek *wârd*, *pêrs*, *pêrd*, *skêr*. Dog ploegskaar.

Vir elementêre onderwys, veral in verband met klanke en uitspraak, sou dit wenslik wees eers alle *e*'s met hierdie uitspraak, selfs in geslote lettergrepe, met die kappie te skrywe totdat die leerlinge, veral as dit kleintjies is, die onderskeid tussen die kort, kappie- en lang klanke goed baasgeraak het.

Die kappie word gebruik bo die lang ope *e*, *i*, *ô* en *u*. Alleen in ope lettergrepe word die kappie geskrywe om die kappie-klank van die gewone lang klinkers te onderskei, b.v. *kêrel*, *môre*, *wie*, *brûe*. In geslote lettergrepe word die kappie nie gebruik nie, tensy dit moontlik is dat die klinker in die verboë woord aan die end van 'n lettergreep kan staan, b.v. *skêr*, *skê-re*, maar *flerrie*, en *vlermuis*. So ook *perd*, *kers*, *kombers*, ens., hoewel dié *e*'s in hierdie gevalle ook die lang klank van die kappieklanker het.

Let op die gebruik van die kappie in die volgende woorde:—

1. Bere.—(Meerv. van *bêr*) Daar is twee *bêre* in die dieretuin.

Bêre.—(Wegsit) Hy *bêre* die boek in die kas
(Ndl. *bergen*).

2. Gele.—(Verboë vorm van *geel*) Bring my die *gele* asseblief.

Gelê.—(Verl. deelw. van *lê*) Die hen het 'n eier *gelê*.

Geleë.—(Geslik of passend) Móre sal dit vir my *on geleë wees*.

3. Kêrs.—Die *kêrs* gee lig in die donker (Ndl. *kaars*).

Kers.—(Soort vrug) Die voël sing in die *kersboom*.

4. Leer.—(a) Hy *leer* sy lesse mooi.

(b) Hy klim in die boom met 'n *leer* (Ndl. *ladder*).

(c) My skoene is van *leer* (Ndl. *leder*).

(d) Hulle verkondig 'n valse *leer*.

Leër.—Die *leër* van die vyand is nog ver (Ndl. *leger*).

Lêer.—(Maatvorm) Oom het nog 20 *lêers* wyn (Ndl. *legger*).

Daardie hennetjie is 'n goeie *lêer* (Ndl. *legger*).

5. Móre.—*Móre*oggend gaan ek kerk-toe (Ndl. *morgen*).

More.—('n Soort volk) Die *More* is donker van kleur.

6. Pers.—(1) Die „Nasionale *Pers*, Bepk.”

(2) Hulle *pers* (pars) die sop uit die druiwe (Ndl. *persen*).

(3) Die Mede en die *Perse*.

Pêrs.—(Kleur) Sy het 'n *pêrs* rok aan (Ndl. *paars*).

7. Se.—(Besitting) Dit is pa *se* pyp (Ndl. *zijn*).
 Sê.—Jy mag dit nie *sê* nie (Ndl. *zeggen*).
8. Seer.—My tand is baie *seer*.
 Sêer.—(Iemand wat *sê*) Wat 'n waarsêer voor-
 spel, kom nie altyd so uit nie (Ndl. *zegger*).
9. Skeer.—Hy *skeer* hom met 'n skeermes.
 Skêr.—Ma sny die sis met 'n *skêr* (Ndl. *schaar*). Maar ploegskaar.
10. Soe.—(Tussenwerpsel) *Soe*, maar dis warm!
 Sôe.—(Vroulik van bere) Twee van pa *se sôe*
 het kleintjies.
11. Vers.—Dis die mooiste *versie* van die gedig-
gie.
 Vêrs.—My koei het 'n *vêrskalf* (Ndl. *vaars*).
12. Werd.—(Verl. tyd van *word*) Hy *werd* deur
 die baas geslaan.
 Wêrd.—(Waarde) Die perd is 20 pond *wêrd*
 (Ndl. *waard*).
13. Wie.—(Vragende voornw.) *Wie* loop daar?
 Wîe.—(Meerv. van *wig*) Die houtkapper slaan
wîe in die hout.

N.B.—Nos: 3, 6, 11 en 12 het gewoonlik nie die kappie nie, maar dit sou tog wenslik wees om hulle so te skrywe, om hulle van die ander vorme gemakliker te kan onderskei.

DIE KOPPELTEKEN.

D.—Die *koppelteken* word in die volgende gevalle gebruik:—

(1) In samestellinge wanneer die twee woorde nog nie heeltemal één begrip uitmaak nie, m.a.w., in nuwe samestellinge, b.v. *Hertzog-fonds*; *Unie-Regering*.

(2) Wanneer deur samestelling 'n opeenhoping van klinkers in die middel van die verbinding kom, wat die oog hinder, b.v. *see-eend*, *wa-as* (vgl. *waas*).

(3) In sinne of sinsdele wat deur veelvuldige gebruik tot 'n eenheid gegroei het, b.v. *kruidjie-roer-my-nie*, *wag-'n-bietjie*, *so-heen-en-weertjies*.

(4) In redupliserende formasies, b.v. *gou-gou*, *kort-kort*, *fluit-fluit*.

(5) By samegestelde titels, b.v. *kommandant-generaal*, *assistent-sekretaris*.

(6) By samestellinge van selfstandige werkwoorde, b.v. *draf-stap*, *trippel-gang*.

(7) In samegestelde telwoorde, b.v. *drie-en-veertig*, *vyf-en-twintig* (maar nie met miljoen nie).

Die koppelteken word later weer behandel in „Samegestelde Woorde.”

HOOFSTUK V.

LETTERGREPE.

'n Lettergreep is 'n gedeelte van 'n woord. Daar is twee soorte lettergrepe—ope en geslote. 'n *Ope lettergreep* eindig op 'n *klinker*, terwyl 'n *geslote lettergreep* op 'n *medeklinker* eindig. Om woorde in lettergrepe te verdeel, moet die volgende reëls gevolg word:—

(a) As daar één medeklinker tussen twee klinkers kom, kap af voor die medeklinker, b.v. *ko-ning*, *va-der*, *e-sel*, *ta-ren-ta-le*.

(b) As daar twee medeklinkers in 'n woord is, val die verdeling in die middel daarvan, b.v. *wi-de*, *stow-we*, *let-sel*, *reg-tig*.

(c) By duidelike samestellinge word die afleiding gevolg. Verdeel sulke woorde eers in hul samegestelde dele en volg dan bowegenoemde reëls in die verder verdeling van elke part, b.v. *daar-om*, *self-be-wus-syn*, *stre-wers-ver-e-ni-ging*.

(d) Voorvoegsels vorm aparte lettergrepe, b.v. *ver-an-de-ring*, *be-gin*, *ge-kwel*, *her-in-ne-ring*, *daarts-vy-and*.

(e) Agtervoegsels wat met 'n medeklinker begin, vorm aparte lettergrepe; maar as die agtervoegsel wat met 'n klinker begin, agteraan 'n woord wat op 'n medeklinker eindig, kom, word die medeklinker 'n deel van die agtervoegsel-lettergreep, b.v. *saag-sel*, *buig-baar*, *min-der-heid*; maar *die-naar*, *e-van-ge-lies*, *mag-tig*.

Halfsterk-beklemd agtervoegsels, soos *-aard*, *-aardig*, *agtig* is uitsonderinge op hierdie reël, b.v. *wreed-aard*, *geel-agtig*.

(f) Kap af tussen 'n tweeklank en 'n klinker, b.v. *ei-e*, *dooi-e*, *koei-e*.

(g) Die deelteken (¨) toon altyd die begin en die kappie (^) die end van 'n nuwe lettergreep aan. Verdeel dus voor die deelteken, b.v. *tre-ë*, *o-ë*, *Ser-wi-ë*, *drie-ë-nig*.

(h) *ng*, *sj*, *tj* en *dj* word nooit verdeel nie, b.v. *tong-e*, *wang-e*, *ma-sjien*, *broer-tjie*. (Sien C, iii b, bls. 15.)

(i) Verdeel volgens uitspraak, b.v. *A-fri-ka*, *pa-tri-ot*.

Lettergrepe is *beklemd* of *swak-beklemd* namate daar nadruk in die uitspraak op hulle gelê word. In beklemdde lettergrepe is die klinkers lank en kort, maar in swak-beklemtoonde lettergrepe het die klinkers nie die hoofaksent nie.

Opm. (i).—Die verkleinwoord-agtervoegsels *-pie*, *-kie* en *-tjie* vorm altyd aparte lettergrepe, b.v. *a-sem-pie*, *soom-pie*, *ket-tin-kie*, *stoel-tjie*, *seun-tjie*, *son-ne-tjie*. Die agtervoegsels *-jie* en *-ie* trek 'n vorige medeklinker saam, b.v. *win-djie*, *hou-tjie* (*wind* + *jie*, *hout* + *jie*), *nes-sie*, *se-pie*, *o-gie*.

Die uitspraak maak dit onmoontlik om hierdie woorde anders te verdeel. Die *ie* lewer geen moeilikheid op nie, maar *jie* veroorsaak 'n uitsondering op die spelreëls. Die uitspraak trek duidelik die *d* en *t* met die *jie* saam—dus in woorde soos *potjie*, *pootjie* word die reël in verband met lang en kort klanke in ope lettergrepe nie gehandhaaf

nie, want die verdeling hier is *po-tjie*, *poo-tjie*. Die klank, egter, van die klinkers in hierdie soort verkleinwoorde is verskillend van die gewone kort en lang klanke. Feitlik is die kort *o* (in *potjie*) hier *oi*, en die lang *oo* (*pootjie*) is *ooi*. Alléén woorde op *d* en *t*, meestal eenlettergropige woorde, volg in hulle verkleinwoorde hierdie reël. (Sien Klanke C, Opm. iii b, bls. 15.)

HOOFLETTERS.

Die hoofletter word in Afrikaans as volg gebruik:—

(1) Die eerste woord in 'n sin word met 'n hoofletter geskrywe, b.v. *Gister was hy hier; Waar gaan jy heen?* As die sin egter met die onbepaalde lidwoord 'n begin, dan neem die eerste woord ná die 'n die hoofletter, b.v. 'n *Mens sou sê hy ken die plek.*

Die eerste woord van 'n sin wat ná 'n dubbelpunt of tussen aanhalingstekens kom, d.i., as dit die *direkte* woorde van 'n spreker voorstel, b.v. *Hy roep uit: „Waar is my hoed?”*

(2) Alle *eiename* word met hoofletters geskrywe. Hieronder val:—

(a) Name van *persone*, *volke*, *plekke* en *lande*, b.b. *Jan Vermaak*, *Bloemfontein*, *Parys*, *Natal*, *Europa*, *Asië*, *Afrikaner*, *Engelse*, ens.

Alle samestellinge en afleidinge, sowel as adjektiewe van sulke eiename, word ook met die hoofletter geskrywe, b.v. *Afrikaanse volk*, *Natalse vrugte*, *Europese nasies*, *Haarlemmerolie*.

(b) Name van *godsdienste, partye, openbare liggame, instellinge, geboue*, ens., b.v. *Presbiteriaans, Katoliek, Nasionale Party, Unionis, Volksraad, Unie-Geboue, Senaat, Parlementshuis*, ens.

(c) Name van die Godheid en samestellinge daarvan, b.v. *God, Kristus (of Christus), Heiland*.

Opm. (i).—Alle byvoeglike naamw. en voor-naamw. gebruik in betrekking tot God kry hoofletters, b.v. *Almagtige, Genadige, Hy, Sy*, ens.

Opm. (ii).—Die woorde *goddelik, godsalig, kristen, kristelik* is deur gebruik so algemeen geword dat hulle nie meer met hoofletters geskrywe word nie.

(d) Name van *boeke, tydskrifte en koerante*, b.v. „*Teleurgestel*,” „*Die Huisgenoot*,” „*Die Afrikaner*,” „*Die Volksblad*,” *Bybel*.

(e) Woorde as *tietels* gebruik, b.v. *Weledele Heer, Kommandant Potgieter, Koning George, President Krüger*.

Opm. (i).—Wanneer sulke woorde in hulle algemene sin gebruik word, dan word daar natuurlik geen hoofletter gebruik nie, b.v. „*Daar was geen kommandant aan die hoof van die laer nie;*” „*Om koning of president te wees is geen maklike taak nie.*”

(b) Name van *maande en dae*, asook *feesdae*, en alle afleidings daarvan, b.v. *April, November, Sondag, Dinsdag, Dingaansdag, Uniedag, Mei-maand*.

(3) Byvoeglike naamwoorde wat as selfstandige naamwoorde gebruik word om 'n besonder persoon of persone aan te dui, b.v. „*Die Bose het jou dit ingefluister.*” Begrippe wat verpersoonlik

word, of enige woord waar 'n skrywer nadruk op wil lê, kan met hoofletters geskrywe word, b.v. die *Poësie*, die *Romantiek*, ens.

REDEDELE.

Rededele is die soorte waarin die woorde van 'n taal na hulle betekenis of diens in 'n sin verdeel word.

	<i>Verkorting.</i>
1. Die <i>Selfstandige Naamwoord</i> ...	Selfs. Nw.
2. Die <i>Lidwoord</i>	
3. Die <i>Byvoeglike Naamwoord</i> ...	Byv. Nw.
4. Die <i>Telwoord</i>	Telw.
5. Die <i>Voornaamwoord</i>	Voorn.w.
6. Die <i>Werkwoord</i>	W.w.
7. Die <i>Bywoord</i>	Byw.
8. Die <i>Voorsetsel</i>	Voors.
9. Die <i>Voegwoord</i>	Voegw.
10. Die <i>Tussenwerpsel</i>	Tus.werps.

Opm.—Ander afkortings wat gebruik word, is :

Enkel.	...	Enkelvoud
Meerv.	...	Meervoud
Selfs. Nw.	...	Selfstandige Naamwoord
Bes., pers. en bet. v.n.w.	en	Besitlike, persoonlike en betreklke voornaamwoorde
Teenw.	...	Teenwoordig.
Verl.	...	Verlede
Deelw.	...	Deelwoord
Inf.	...	Infinitief
D.w.s.	...	Dit wil sê
I.p.v.	...	In plaas van
M.a.w.	...	Met ander woorde
Nl.	...	Naamlik
Vgl.	...	Vergelyk
B.v.	...	By voorbeeld
O.i.	...	Onses insiens

HOOFSTUK VI.

DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD.

MEERVOUDE.

'n Selfstandige naamw. is die naam van 'n *mens*, *dier* of *ding*. Dit is selfstandig omdat dit alleen kan staan, soos *vrou*, *perd*, *tafel*.

'n Selfstandige naamw. het 'n *enkelvoud* en 'n *meervoud*. Die *enkelvoud* staan vir *een* ding, soos *perd*, terwyl die *meervoud* twee of meer dinge beduie, soos *vroue*, *perde*.

Spesiale name van mense of dinge word *eie selfstandige naamwoorde* genoem, en hulle het gewoonlik geen meervoude nie, soos *Pietermaritzburg*, *Durban*, *Jan Venter* (tensy daar werklik twee of meer dinge bestaan met dieselfde naam).

Oor die algemeen kan 'n mens praat van die *Jans*, die *Jakobs*, die *Venters*, ens. Sulke name neem altyd *-s* in hul meervoud, behalwe wanneer die naam alreeds op 'n *-s* eindig; dan neem dit *-e*, soos die *Swartse*, die *Kose*. Ons praat ook van *Jan hulle*, *Piet hulle*. Maar daar is 'n onderskeid tussen *die Jans* en *Jan hulle*. Die eerste beteken dat al die persone bedoel die naam van Jan het, terwyl die tweede beteken *Jan en die ander*, wat nie noodsaaklik ook die naam van *Jan* dra nie. Dieselfde met *pa's* en *ma's* en *pa hulle* en *ma hulle*, b.v. *Die pa's van sulke kinders moet versigtig wees*, waar *pa's* „vaders” beteken,

terwyl die sin *Pa hulle is dorp-toe* beteken „Pa en die ander (vriende of broers, ens.) is dorp-toe.”

'n Mens vorm die meervoud van die enkelvoud deur 'n letter of letters agteraan die enkelvoud te voeg. Die meervoudsuitgange is *-e*, *-s*, *-'s*, *-ers* of *-ere*, *-ens* en *-te*.

Reël I.—MEERVOUDE OP -E.

Alle woorde van *een* lettergreep, en ook woorde van meer as een lettergreep wat die aksent op die laaste lettergreep het, vorm hulle meervoud deur *-e* agter aan die enkelvoud te voeg, soos:—

voet	voete
koei	koeie
pot	potte
poot	pote
stof	stowwe
manël	manelle
krokodil	krokodille

Die spelreëls hier is:—

(1) As 'n woord 'n *dubbel klinker* voor 'n end-medeklinker het, val die een klinker weg in die meervoud, omdat twee gelyke klinkers nie aan die end van 'n ope lettergreep mag kom nie, b.v. *boom*, *bo-me*; *steen*, *ste-ne*.

(2) As die woord op 'n enkel medeklinker eindig, voorafgegaan deur 'n enkel kort geaksentueerde klinker, word die end-medeklinker verdubbel, b.v. *pot*, *pot-te*; *tol*, *tol-le*; *gesël*, *gesel-le*; *pen*, *pen-ne*.

(Hier moet die lettergreep geslote bly om die kort klank van die klinker te behou, derhalwe word die end-medeklinker verdubbel.)

Opm. (i).—Die meervoud van woorde soos *monnik* en *leeurik* wat nie die hoofklem op die laaste deel het nie, neem maar één *k* in die meervoud: *monnike*, *leeurike*. Woorde op 'n swak *-s* is uitsonderings op dié reël; in sulke woorde word die *-s* verdubbel, b.v. *notarisse*, *sekretarisse*, *vonnisse*.

(3) Eenlettergrepige woorde wat op *-ee* eindig, neem net 'n deelteken bo die tweede *e*, b.v. *see*, *seë*; *wee*, *weë*; *slee*, *sleë*; *tree*, *treë*; *slaapstee*, *slaapsteë*. (Dit is om te verhoed dat 'n dubbel *e* aan die end van die ope lettergreep sal kom. (Sien Spelreël I.)

(4) Woorde van één lettergreep wat op *-ie* eindig, asook vreemde woorde op 'n sterk of halfsterk *-ie*, vorm hul meervoud deur nog 'n *e* by te voeg, maar met 'n deelteken (¨) daarop, b.v. *knie*, *knieë*; *drie*, *drieë*; *dinastie*, *dinastieë*; *elegie*, *elegieë*; *monargie*, *monargieë*; *simfonie*, *simfonieë*. Maar *studie*, *studies*; *nie*, *nies*; *die*, *dies*.

(5) Woorde wat op *-f* eindig, verander die *f* in die meervoud tot *w* of *ww*. As die *f* ná 'n lang klank of tweeklank of ná die medeklinkers *l* en *r* kom, verander dit in *w* (Spelreël 1 moet ook nog gevolg word), b.v. *stoof*, *sto-we*; *druif*, *drui-we*; *golf*, *gol-we*; *gerf*, *ger-we*.

L.W.—Ná 'n *m* verander die *f* nie, b.v. *nimfe*, *limfe*, *triomfe*. Ook *serafs* en *girafs*.

As egter die *f* op 'n kort klinker volg, moet die *w* verdubbel word (Spelreël 2) b.v. *stof*, *stowwe*; *mof*, *mowwe*.

(6) Woorde wat 'n lang klank het, gevolg deur 'n *g*, en hulle meervoude met *-e* vorm, verloor

die *g* in die meervoud, soos *dag, dae; oog, oë; vyg, vye; slag, slae; oorlog, oorloë; vlieg, vlieë.*

Let ook op die meervoude van die volgende woorde :—

eg	egge of êe
brug	brugge, brûe of brûens
rug	rugge, rugte of rûens
steg	stegge of stêe
trog	trogge of trêe
sog	sogge of sêe

Die *dae* van die week het ook twee meervoudsvorme, b.v. *Saterdag, Saterdae* en *Saterdags; Vrydag, Vrydae* en *Vrydags.*

Die vorme op *-dae* is selfs. n.w.; maar die vorme op *-dags* bywoorde. Dié woorde kan nie in die enkelvoud as bywoorde gebruik word nie, b.v. Daar is vyf *Saterdae* in die maand; *Saterdags* gaan ons nie skool-toe nie.

In Natal en Noordelike Transvaal spreek die mense die *g* wel deeglik uit, derhalwe kan die *g* in sulke gevalle nog behou word.

L.W.—Die spelreëls hou goed ook vir woorde van meer as één lettergreep, b.v. *halfaam, halfame; telegram, telegramme; filosoof, filosowe; bedrag, bedrae.*

UITSONDERINGE OP REËL I.

Die volgende woorde neem hul meervoude op *-s*, hoewel 'n mens volgens bo-aangegewe reëls 'n *-e* sou verwag het :—

(a) man	mans (manne)	saal	saals (sale)
leeu	leeus	neef	neefs
seun	seuns	broer	broers
oom	ooms	maat	maats (maters)
toom	tooms	pa, ma	pa's, ma's
rib	ribbes (ribbe)	sir	sirs

(b) Eenlettergrepige woorde op *-lm* en *-rm* neem *-s*, daar hulle uitspraak feitlik tweelettergrepig is, soos *skelms*, *arms*, *swerms*, *skerms*, *uniforms*. (Vgl. *uniforme* as byv. nw.)

Uitsondering *term*, *terme*.

(c) Vir verder uitsonderinge sien Reëls IV, V, VI, en die onreëlmatige meervoude.

(Die meeste woorde van twee of meer lettergrepe vorm ook hulle meervoude op *-e*; en daar *-e* die gewone meervoudsvorm is, sal ons hieronder net die ander reëls gee. Alle woorde wat nie onder die volgende reëls val nie, neem dus *-e* in die meervoud.)

Reël II.—MEERVOUDE OP *-s*.

(a) Woorde van *twee* of *meer* lettergrepe wat op *-el*, *-em*, *-en* of *-er* eindig, neem almal *-s* in die meervoud.

Voorbeelde op *-el*:—

winkel	winkels
reël	reëls
baksel	baksels
voël	voëls

Uitsonderinge op hierdie reël is woorde wat die aksent op die *-el* het, b.v. *modèl*, *modelle*; *manèl*, *manelle*. Ook *engele*, *middele*, *kristene*.

-em:— besem besems asem asems

-en:— kuiken kuikens reën reëns

-er:— leer leërs leier leiers

Ook emir emirs

Woorde soos *reël*, *voël*, *reën*, ens., wat same-trekkinge is van *regel*, *vogel*, *regen*, ens., val

onder hierdie reël, omdat hulle *tweelettergrepig* is en nie *eenlettergrepig* nie. Die deelteken *bo* die laaste *e* is juis daar om dit aan te toon.

(b) Woorde van meer as één lettergreep wat eindig op *-ier*, *-aal*, *-aar*, *-eur* en *-aard*, neem *-s* in die meervoud as hulle PERSONE aandui; anders neem hulle *-e*.

Voorbeelde op -ier:—winkeliers, juweliers, koesiërs (persone).

Uitsondering: *Arabier*, *Arabië*.

Maar *kwartier*, *kwartiere*; *rivier*, *riviere*.

-aal:—generaal, generaals; admiraal, admiraals (persone).

Maar *kwartaal*, *kwartale*; *liniaal*, *liniale*.

-aar:—moordenaars, leuenaars; *intekenaar* het twee meervoude: *intekenaars* of *intekenare*. Maar *altaar*, *altare*.

Uitsondering: *barbare*, *basaars*, *ghitaars*.

-eur:—kondukteurs, kolporteurs.

-aard:—luijaards, dronkaards, gierigaards.

Maar *standaarde*.

Uitsondering: *Spanjaard*, *Spanjaarde*.

L.W.—Name van persone op *-or* neem *-e* in die meerv., b.v. *oratore*, *kuratore*, *ekaminatore*, *professore* of *professors*. Maar *motors*, *alligators*.

(c) Woorde van meer as *een* lettergreep wat op *-a*, *-e*, *-ae*, *-ee* en *-ie* uitgaan, neem *-s* in die meervoud. Maar vreemde woorde op *-ee* van Grieks afkomstig neem die deelteken *bo* die tweede *e* in die meervoud, b.v. *spondeë*, *trogeë*, *trofeë*; ook *moskeë*. Vreemde woorde op *-ee* van Latyn of Frans afkomstig neem *-s* in die meervoud, b.v.

komitees, dinees, dominees, kafees, diktees. (Uitsondering *alleë*.)

Uitsondering: As die aksent egter op die *a* val, neem hulle 's (apostroof-s), soos *hoera, hoera's*.

Voorbeelde op -a:—paddas, goggas, massas, kwaggas, dalias.

Voorbeelde op -e:—perskes, siektes.

N.B.—Onder hierdie reël val alle adjektiewe wat as selfstandige naamwoorde gebruik word, soos *armes, hardes, rykes*.

Voorbeelde op -ae:—bydraes, bylaes.

Voorbeelde op -ee:—skaduwees, weduwees, senuwees, komitees.

Voorbeelde op -ie:—stasies, nasies, boskasies.

N.B.—Onder hierdie reël val al die *verkleinwoorde*, wat dus altyd -s in die meervoud neem, b.v. *boompies, goedjies, tölletjies*.

(d) Woorde van *net twee* lettergrepe wat op *-ing* eindig, neem almal -s in die meervoud.

Voorbeelde op -ing:—kussings, poedings, dorings, karrings; maar *sering, seringe*. Ook *piesang, piesangs; blatjang, blatjangs; oerang-oetang, oerang-oetangs*.

Maar die abstrakte selfs. n.w. op *-ing* van werkwoorde gevorm, het twee meervoude, b.v. *wandeling, wandelings* of *wandeling; vergadering, vergaderings* of *vergaderinge*.

Woorde op *-ling* neem in die reël -e in die meervoud; maar *ouderlings* en *sendelings* word dikwels gehoor, b.v. *leerlinge, tweeling*.

Eenlettergrepige woorde op *-ng* neem *-e* in die meervoud, b.v. *ding*, *dinge*. (Uitsondering *ghongs*.)

(e) Vreemde woorde op *-um* neem *-s* in die meerv., b.v. *museums*, *albums*, *linoleums*, *kwo-rums*.

(f) Name van persone in die leer neem gewoonlik *-s*, maar soms het hul ook 'n meervoud op *-e*, b.v. *kolonels*, *kapteins*, *luitenants*, *majoors* of *majore*, *offisiere* of *offisiere*.

Reël III.—MEERVOUDE OP *'s* (apostroof-*s*).

(a) Woorde wat op *-a* eindig en die aksent op die *a* het, b.v. *hoerá*, *hoerá's*; *pa*, *pa's*; *karbá's*; *gorá's*.

(b) Vreemde woorde wat op 'n *-o*, *-u* of *-i* eindig, neem 'n *'s* in die meerv., b.v. *merieno's*, *jingo's*, *domino's*, *buro's*, *kado's*, *paraplu's*, *balju's*, *indiwidu's* of *indiwidue*, *impi's*, *alibi's*.

(c) Die meêrvoûde van die letters, b.v. *d's*, *k's*: „Daar is twee *k's* in takke.” (Uitsondering *s-e*.)

(d) Eiename wat op klinkers eindig, neem ook die apostroof-*s* in die meerv., b.v. *Marie's*, *Naudé's*.

HOOFSTUK VII.

MEERVOUDE (*Vervolg*).*Reël IV.*—MEERVOUDE OP -ERS EN -ERE.

Daar is 'n klompie woorde wat sonder enige vaste reël hulle meervoude op *-ers* en *-ere* vorm. Dis 'n meervoudsvorm wat van Oudnederlands afkomstig is, en nou het ons 'n paar van ons eie woorde op dié manier 'n meervoud gegee.

(a) op *-ers*.

kind	kinders	kalf	kalwers
goed	goedere of goeters	lam	lammers
klip	klippers of klippe	maat	maats of maters

(Maters = vriende; mate = hoeveelhede.)

(b) op *-ere* (meestal woorde op *-d*).

lied	liedere	gemoed	gemoedere.
gelid	geledere	kleed	klere (kledere)
	volk	volkere	of volke

Reël V.—MEERVOUDE OP -ENS.

Hier kan ook geen vaste reël gegee word nie. Die woorde met hierdie meervoudsuitgang is woorde wat òf nog 'n *-s* gelas het aan die Hollandse meervoud op *-en*, òf in hulle Hollandse vorme in die enkelvoud oorspronklik op *-en* geëindig het (met 'n meervoud op *-s*) en nou in Afrikaans verkort is alleenlik in die enkelvoud.

Voorbeelde :—

bad	badde, batte, baaië of baddens
bed	bedde, beddens
genoeg	genoeëns
gevoel	gevoelens
hoed	hoede, hoedens
jong	jongens
lewe	lewens
mied(t)	miede, miete, miedens
nooi(ôi)	nooiens, nôiens
vark	varke, varkens
vrou	vroue, vrouens
wa	(Ndl. wagen) waens
wese	wesens
rug	rugge, rugte, rûens

Reël VI.—MEERVOUDE OP -TE.

Woorde wat op *-s*, *-f*, *-g* en *-p* eindig en wat afkomstig is van Hollandse woorde met 'n *-t* of *-cht* aan die end, m.a.w. Afrikaanse woorde wat die Nederlandse *-t* aan die end verwerp het en nou op *-s*, *-f*, *-g* of *-p* eindig, vorm hulle meervoud op *-te*.

Voorbeelde :—

nes (nest), neste	manuskrip (manuskript), manuskripte
gees (geest), geeste	skrif (schrift), skrifte
bees (beest), beeste	geslag (geslacht), geslagte
gas (gast), gaste	nag (nacht), nagte
oes (oogst), oeste	krag (kracht), kragte
kamas (kamast), kamaste	amp (ambt), ampte
drif (drift), drifte, driwwe	resep (resept), resepte

Ook

edik (edikt), edikte	ab (abt), abte
maag (maagd), maagde	deug (deugd), deugde
hoof (hoofd), hoofde	smarag (smaragd), smaragde

Uitsondering : *hout, houde of houte.*

N.B.—Die woord *hemp* het vir sy meervoud *hemde*; en die woorde *burg, graf, jas* en *les* het *burgte, grafte, jaste* of *jasse*, en *leste* of *lesse*, hoewel hulle in Hollands geen *t* aan die end van die enkelvoud het nie. (N.B.—*Jaste* en *leste* word nie aanbeveel nie.)

Reël VII.—Woorde wat op *-man* eindig, vorm hulle meervoude op *-manne, -mense* of *-mans*.

Voorbeelde :—

werkman	werkmense	koopman	koopmans
staatsman	staatsmanne	Boesman	Boesmans
ambagsman,	ambagsmanne,	ambagsmense	

Maar

Engelsman	Engelse	Fransman	France
Skot(sman)	Skotte	buurman	bure
	seeman	seeliede	

Dikwels hoor ons ook *Skotsmanne, Fransmanne* en *buurmanne*.

Reël VIII.—ONREËLMATIGE MEERVOUDE.

(a) Woorde wat *-e* neem, maar nie die spelreël volg om in die meervoud ná 'n kort beklemde

klank die medeklinker te verdubbel nie. Die kort klank van die enkelvoud word, in die meervoud verleng.

dag, dae (dage)	dal, dale
spel, spele	voetbalspel, voetbalspele (of
gat, gate	-spelle)
vat, vate	glas, glase
slag, slae (slage)	bedrag, bedrae (bedrage)
gebed, gebede	bevel, bevele
weg, weë (wege)	gebrek, gebreke
hof, howe	God, gode
hertog, hertoë (hertoge)	verdrag, verdrae (verdrage)
skot (skoot), skote	oorlog, oorloë (oorloge)
	staf, stawe (stawwe)

Die vorm tussen hakies () word nie aanbeveel nie.

(b) Party woorde wat op 'n *-d* uitgaan en ook die kort klinker in 'n lange verander (Reël VIII), verander ook nog die *-d* in 'n *-i* en verdubbel die klinker om die lang klank te kry, b.v.

pad	paaie	blad	blaaie
bad	baaie	gebod	gebooie

Maar *tyd* word *tye*; en *kruid*, *kruie*.

Party mense gebruik *voorskooie* en *potlooie* as meerv. van *voorskoot* en *potlood*. Daar is ook 'n neiging in sommige dele van ons land om *meerkaaie* as meerv. van *meerkat*, en *gaaie* as meerv. van *gat* te gebruik, b.v. *Die meerkaaie hardloop na hul gaaie*. Dit is egter ten sterkste af te keur. Dié taaleienaardigheid kry ons dikwels in Afrikaans in die verbuiging van woorde op *-d* ná 'n lang klinker, b.v. *goed*, *goeie*; *dood*, *dooie*. Vgl. ook Ndl. *raadsel* en *braden*, Afr. *raaisel* en *braai*.

(c) Woorde wat hul klinker verander in die meervoud :—

lid	lede	skip	skepe
smid	smede (smids, smitte)	gelid	geledere
stad	stede (Kafferstatte)		

(d) Let op die onderskeid tussen :—

as	asse (verbrande hout)	man	manne, mans (mansmense)
	aste, asse (van 'n wa)		
bad	baddens, badde (was- skottels)	middel	mans (eggenote) middele (rate)
	baaie (warm bronne) maar <i>stortbaaie</i>		middels (liggaams- deel)
bal	balle (ronde voor- werpe)	raad	rade (bestuurslig- game)
	bals (danspartye)		raadgewings (ad- vies)
bas	basse (musiekterm) baste (van bome)	rug	rugge, rugte, rûe (liggaamsdeel)
blad of blaar	blare i. (van bome) ii. (seerplek)		ruggens, rûens (bergrande)
	blaaie (van boeke of diere) maar <i>turksvyblaaie</i>	.saal	sale (groot vertrek- ke)
burg	burge (vark) burgte (kastele)	skof	saals (om op te ry) skofte (werk- trektye)
gas	gasse (lugte) <i>gass</i> gaste (besoekers)		skowwe (van bees- te)
goed	goedere. (eiendom) goeters (dinge)	skot	Skotte (mense van Skotland)
kus	kusse (soene) kuste (seekuste)		skote (geweerskote)
las	lasse (voeë) laste (moeilikhede)	staf	stawe (stokke) stawwe of staffs (personeel)
letter	lettere (letterkunde) letters (a, b, c, ens.)	stuk	stuks vee stukke (delc)
maag	mae (buike) maagde (dames)	vorm	vorme (fatsoene) vorms (modelle, of iets om in te vul)
maat	mate (hoeveelhede) maats, maters (vriënde)	wig	wigte (kinders) wie (keile)

(e) Daar is 'n aantal verkleinwoorde wat dubbele meervoude het :—

lammetjie	lammetjies	lammertjies
kindjie	kindjies	kindertjies
kalfie	kalfies	kalwertjies
klippie	klippies	klippertjies
goedjie	goedjies	goetertjies

(f) Woorde met geleende meervoude wat ons van Hollands af kry :—

aanbod	aanbiedinge
bedrog	bedriegerye
doel	doeleinde(-eindes)
genot	genietinge
leer	leerstellinge
raad	raadgewinge(-wings)
seë (sege)	seëprale
twyfel	twyfelinge

(g) Woorde soos *krietikus*, *musik*, *polietikus*, ens., het ook 'n Latynse meervoud, b.v. *krietisie*, *musisie*, *polietisie*.

Reël IX.—Woorde wat op *-heid* eindig, vorm hulpe meervoud deur *-heid* in *-hede* te verander, b.v. *waarheid*, *waarhede*; *trotsheid*, *trotshede*.

Reël X.—Samegestelde woorde neem die meervoudsvorm van die *laaste* deel aan, b.v. *kamerdeure*, *naafbande*.

Die volgende woorde word net in die meervoud gebruik :—

harsings	doodsbeendere	lewensmiddele	lekkers
sedes <i>customs</i>	maanhare (van	rente	pokkies
klere	'n perd)	masels	onkoste
medisyne'	hoofbrekings	inkomste	hurke
ruitens	hartkloppings	semels	hartens
aanstellings	ware (goedere)	koste	fraiings
komplimente	skoppens	klawers	toings
resies	pampoentjies	kaiings	stuipe
notule (afkom-	groete	trekkings	wintervoets
stig van nota)	voorouers	voorvaders	lopers
'kwaavriende	winterhande	sinkings	ingewande

Opm. (ii).—Woorde wat *gewig, maat, hoeveelheid* en *waarde* uitdruk, word gewoonlik in die enkelv. gebruik, soos *Dit is vier pond werd; Hy is ses voet lank; Drie pond koffie; Vyf dosyn eiers; Ses jaard lank; Twee paar kouse.*

N.B.—*Hy het baie goue ponde.* Die meervoud hier refereer na die ponde self en nie na die waarde van een of ander ding nie.

Opm. (iii).—Name van materiale (stofname) het gewoonlik geen meerv. nie, soos *goud, silwer, koper, yster* (die materiaal). 'n Los stukkie yster het die meervoud *ysters*.

Opm. (iv).—Sekere woorde kan, volgens hulle abstrakte betekenis, *geen* meerv. hê nie, soos *liefde, blydschap, dors, hoogmoed, koors.*

Opm. (v).—Party woorde, hoewel enkelv. in vorm, het gewoonlik 'n meervoudige betekenis—hulle stel gewoonlik 'n versameling voor, soos *sand, konfyt, murg.*

HOOFSTUK VIII.

VERKLEINWOORDE.

Om die verkleinwoord te vorm gebruik 'n mens agtervoegsels, wat jy agter aan die enkelvoud van 'n selfstandige naamwoord las. Die verkleinwoord-agtervoegsels is *-ie*, *-pie*, *-jie*, *-tjie*, *-kie* en *-etjie*.

Reël I.— *-ie* : Woorde wat op *-s*, *-k*, *-p*, *-g* en *-f* eindig, vorm hulle verkleinwoorde met *-ie*. [Dieselfde spelreëls word hier gevolg as in die meervoudsvorming van woorde—sien bls. 40, (1) en (2).]

Voorbeelde :—

op <i>-s</i>	klos	klossie	tros	trossie
	roos	rosie	muis	muisie
op <i>-k</i>	kerk	kerkie	boek	boekie
	stok	stokkie	rook	rokie
op <i>-p</i>	lamp	lampie	lap	lappie
	skip	skippie	aap	apie
op <i>-g</i>	dag	daggie	oog	ogie
	ploeg	ploegie	berg	bergie
op <i>-f</i>	drif	driffie	stoof	stofie
	duif	duifie	gerf	gerfie

Reël II.— *-pie* : (a) Woorde wat op 'n *-m* uitgaan, neem *-pie* as die *-m* op 'n lang klank of 'n ander medeklinker volg.

Voorbeelde :—

Ná 'n lang klank : *boom*, *boompie*; *riem*, *riempie*.
 Ná 'n medeklinker : *arm*, *armpie*; *skelm*, *skelmpie*.

(b) Woorde wat op 'n swak-beklemtoonde *-em* eindig, neem ook *-pie*, b.v. *asem*, *asempie*; *wasem*, *wasempie*.

Reël III.—Woorde wat op *-d* of *-t* eindig, neem *-jie*, soos *wind*, *windjie*; *rand*, *randjie*; *hout* *houtjie*; *kaart*, *kaartjie*; *god*, *godjie*.

Reël IV.—*-tjie*: (a) Woorde wat op *-l*, *-n*, *-r* uitgaan waar hierdie medeklinkers op 'n lang klank volg, neem *-tjie*, soos *stoel*, *stoeltjie*; *broer*, *broertjie*; *boor*, *boortjie*; *seun*, *seuntjie*.

(b) Woorde op 'n swak-beklemtoonde *-el*, *-er* en *-en* neem ook *-tjie*, soos *lepeltjie*, *dekseltjie*, *emmer-tjie*, *lakentjie*.

(c) Woorde wat op 'n klinker uitgaan, neem ook *-tjie*.

Voorbeelde: vrou, *vrou-tjie*; tou, *tou-tjie*; koei, *koei-tjie*; laai, *laai-tjie*; sofa, *sofa-tjie*; knie, *knietjie*; hoogte, *hoogtetjie*.—(N.B. *pa*, *paatjie*; *ma*, *maatjie*.)

Reël V.—Woorde van twee of meer lettergrepe op *-ng* vorm hul verkleinw. deur die *g* in 'n *k* te verander en dan *-ie* aan te voeg, b.v. *koning*, *koninkie*; *rotting*, *rottinkie*; *oorwinning*, *oorwininkie*; *verandering*, *veranderinkie*.

Eenlettergrepige woorde op *-ng* het die agtervoegsel *-etjie*, b.v. *dingetjie*, *slangetjie*.

Reël V.—*-etjie*: (a) Woorde wat op *-l*, *-m*, *-n* en *-r* uitgaan, as hierdie letters op 'n kort-beklemtoonde klinker volg, vorm hulle verkleinwoorde met *-etjie*. Die medeklinker word natuurlik verdubbel ná die kort klank.

Voorbeelde :—

-*l* :—tol, tolletjie; wal, walletjie; kol, kolletjie.

-*m* :—bom, bommetjie; lem, lemmetjie.

N.B.—Vergelyk hierdie reël met Reël IIa.

-*n* :—son, sonnetjie; ken, kennetjie; koningin,
koninginnetjie.

-*r* :—kar, karretjie; tor, torretjie.

Reël VII.—*Onreëlmatige verkleinwoorde.* (Vergelyk Meervoude, Reël VIII.)

gat	gaatjie	glas	glasie
vat	vaatjie	skot (skoot)	skootjie
pad	paadjie	lewe	lewentjie
blad	blaadjie (van 'n boek)	blad	blaartjie (van 'n boom)
bad	baadjie	nooi	noointjie
wa	waentjie	rib	ribbetjie

HOOFSTUK IX.

GESLAG.

Die selfstandige n.w. is die naam van 'n *persoon*, *dier* of *ding*. Staan die selfstandige n.w. vir een of ander lewendige wese, dan moet dit noodsaaklikerwyse een of ander geslag aandui, want onder mense en diere is daar twee geslagte—die *manlike* en *vroulike* geslag. Die selfs. n.w. neem dus die geslag aan van die ding wat dit voorstel. *Vrou* of *meisie* is dus vroulike geslag, en *man*, *seun* manlike geslag. Dooie dinge het geen geslag nie—soos *tafel*, *bed*, *klip*. Ons sê hulle is *onsydig*, want hulle behoort nie aan een of ander geslag nie.

Ons onderskei of dui geslagte aan deur:—

(1) Die gebruik van aparte woorde.

Mense.

<i>Manlik</i>	<i>Vroulik</i>	<i>Manlik</i>	<i>Vroulik</i>
vader	moeder	pa (oupa)	ma (ouma)
broer (boetie)	suster (sussie)	buurman	buurvrou
man	vrou	seun	dogter
swaer	skoonsuster	oom	tante
neef	nig(gie)	jongetjie (knaap)	meisie
jong (Kaffer)	meid	meneer	mevrou
heer	dame	bruidegom	bruid
strooijonker	strooimeisie	wewenaar	weduwee
baas	nooi	oujonkman	oujongnooi
monnik (priester)	non	kok	kombuismeid
ab	abdis	outa	aia
towenaar	heks	klonkie	klimmeid

Laasgenoemde woorde is die verkortinge wat in die Boland voorkom van *klein jongetjie* (*klonkie*) en *klein meid* (*klimmeid*).

Diere.

reun	teef	ram	ooi
hings	merrie	beer	sog
bul	koei	haan	hen
bulkalf	vers (kalf)	bokram	bokoöi

In verband met die meeste ander diere nie hierbo genoem nie, word die geslag onderskei deur die gebruik van die woorde *mannetjie* en *wyfie*, soos *mannetjie-eend*, *-tier*, *-kat*, *-duif*, *-wolf*; *leeuwyfie*, *wyfie-eend* en *tierwyfie*.

(2) Deur die gebruik van die agtervoegsels *-ster*, *-es*, *-in*, *-e* en *-iese*,

Voorbeelde op -ster: skrywer, skryfster; spreekster; bakster; waarsegster; werkster. (Hierdie uitgang word maar min gebruik en kom gewoonlik voor waar die manlike gevorm word van die stam van 'n werkwoord.)

-es:—sondaar, sondares; digter, digteres; onderwyser, onderwyseres; prins, prinses; bedelaar, bedelares; sanger, sangeres—kom ook maar, behalwe in genoemde gevalle, selde voor in Afrikaans.

-in:—vriend, vriendin; god, godin; koning, koningin; keiser, keiserin; hertog, hertogin; Jood, Jodin; vors, vorstin; kristen, kristin; heiden, heidin; held, heldin; wolf, wolvin.

-e:—eggenoot, eggenote; president, presidentè; erfgenaam, erfgename; orrelis, orreliste; pianis, pianiste.

-iese: Vreemde woorde op *-or* en *-eur*, soos *akteur, aktriëse; direkteur, direkteuse; eksaminator, eksaminatriëse; eksekuteur, eksekutrieëse*.

N.B.—Die vroulike van *sekretaris* is *sekretaresse*, en van *goewerneur*, *goewernante*.

Woorde wat vir beide manlike en vroulike geslag gebruik kan word, noem ons *gemeenslagtig*, SOOS :—

hoender	perd	vark
kalf	lam	kuiken
skaap	bok	bees
vulletjie	weeskind	tweeling
vreemdeling	getrie	gade
leerling	lidmaat	huisgenoot
diensbode	hond	esel

'n Mens onderskei ook die geslag deur gebruik van die persoonlike en besitlike voornaamwoord : *hy, sy* (dit vir onsydige dinge), *hom, haar*; *sy, haar*; *syne, hare*.

Voorbeelde :—

(1) Waar is *Jan*? Ek het *hom* in die tuin gesien; *hy* is besig om appels te eet. (Manlik)

(2) Gee dit vir sussie: *sy* het dit baie nodig; ma het dit vir *haar* gegee.

(3) Wie se hoed is dié? Dit is ma (pa) *s'n*, of, Dit is ma *hare*.

(4) Dit is *sy* pyp.

(5) Dit is *haar* naaldewerk.

N.B.—In die 2de persoon en ook in die meervoud kan geslag nie aangedui word deur middel van voornaamwoorde nie, b.v. *Jy* moet werk; *ons* het geloop; *hulle* sit stil. (Manlik en vroulik)

HOOFSTUK X.

NAAMVALLE.

In Afrikaans het ons, soos in Nederlands, vier naamvalle, nl. nominatief, akkusatief, possessief en datief.

Nominatief, of 1ste Naamval.

Nominatief is : (a) onderwerp van die sin, b.v. „*Jan* slaan die kat.”

(b) Die woord in bystelling met die onderwerp, b.v. „*Jan*, my *broer*, slaan die kat.”

(c) Die toegesproke persoon, b.v. „*Jan*, moenie die kat slaan nie.”

(d) Die selfstandige n.w. ná die kousatiewe w.w., soos *wees*, *word*, *lyk*, b.v. „*Jan* is my *broer*.”

Akkusatief, of 4de Naamval.

Akkusatief is : (a) die direkte voorwerp van die sin, b.v. „*Jan* slaan die *kat*.”

(b) Die woord in bystelling met die direkte voorwerp, b.v. „*Jan* slaan die *kat*, *Mies*.”

(c) Ná voorsetsels, soos *uit*, *met*, *van*, *na*, *in*, ens., b.v. „*Jan* slaan die *kat* met 'n *stok*.”

Die Possessief, of 2de Naamval.

Die possessief dui 'n *besitting* aan. In Hol-lands word die possessief uitgedruk deur 'n *s* agter die selfst. n.w. te voeg, soos *vaders pyp*; maar in Afrikaans gebruik ons:—

(1) Die besitlike voornaamw. *se*, *haar* en *hulle*; ook *syne* en *hare*.

(2) Die woordjie *van*.

(1) Die gebruik van die besitlike voornaamw. is verreweg die gebruiklikste in Afrikaans en word ná die selfst. n.w. wat die besitter voorstel, ge-*besig*, soos „die man *se* hoed;” „die vrou *se* hoed,” of „die vrou *haar* hoed.” In die meer-voud gebruik 'n mens ook *se* of *hul(le)*. „Die mans *se* hoede,” of „die mans *hul* hoede;” „die vrouens *se* hoede,” of „die vrouens *hul* hoede.” Ook word gesê: „Die hoed is ma *hare*,” „Die hoed is pa *syne* (of *s'n*).”

Die volgende sinne: „Gee (aan) my Jan *se* hoed,” en „Die vrou *se* keel is seer,” word dan ontleed (uiteengesit) as volg:—

Gee	Werkwoord
my	Indirekte voorwerp
Jan <i>se</i>	Possessief bepalende „hoed”
hoed	Direkte voorwerp
Die	Lidwoord
vrou <i>se</i>	Possessief bepalende „keel”
keel	Onderwerp
is seer	Werkwoord

(2) Besit kan ook uitgedruk word deur *van*, b.v. „die man *se* hoed” is dieselfde as „die hoed *van* die man.” Hierdie konstruksie is egter minder gebruiklik, omdat dit omslagtig is.

In Afrikaans het ons heelwat woorde en uitdrukkinge waarin ons nog die naamval-verbuiging van Hollands aantref. Dit is te wyte aan die invloed van die Bybel en die taal van die predikante. Ons voorvaders het in baie noue aanraking gekom met albei. B.v. *saans, smôrens, snags, ternouernood, kind des doods, ter elfder ure, sweet des aanskyns, byderhand, mettertyd, kwelling des geestes, brood der smarte, ter dood veroordeel, ter harte neem, desgelyks, niks nuuts nie, iets wonderliks, iets verrassends, wat moois.*

Die laaste vier voorbeelde is gevalle van die *verdelingsgenetief-s*.

Datief, of 3de Naamval.

Datief is: (a) Die *belanghebbende* of *indirekte voorwerp*, b.v. „Gee my daardie boek,” of „Gee vir (of aan) my daardie boek.”

(b) Die woord in bystelling met die belanghebbende of indirekte voorwerp, b.v. „Gee my, Jan se broer, 'n boek.”

In die sin soos „Gee my die boek” is *my* die indirekte voorwerp, omdat die handeling van die w.w. *gee* nie direk op *my* kom nie, maar wel op *boek*. Hoewel strik gesproke 'n woord akkusatief is ná 'n voorsetsel, tog in hierdie geval, en ná w.w. soos *gee, skenk, sé, ontnem, ontroof, ontsteel* is die woord waarop die direkte handeling nie afkom nie, in die datief—al het dit 'n voorsetsel.

(c) Die *oorsaaklike voorwerp* is ook die indirekte voorwerp, b.v. „Hy lag vir my,” „Hy sorg vir sy moeder.”